
# GELOOF FAITH

## In Die Woord In The Word



**Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17**

**Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17**



**POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411**

**WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com**


# HERE JESUS HOOG VERHEWE BO ALLES

Hy is gebore in Bethlehem, in teenstelling met die natuurwette, sonder 'n menslike vader. Hy het nooit ver van Sy geboorte plek af gereis nie. Hy het nooit 'n boek geskryf nie, nooit 'n leër gelei of enige iets gedoen wat normaalweg gedoen word om roem te verwerf nie.

Tog, al die leërs wat al ooit uitgetrek het, al die vlote wat al ooit geseil het en al die parlemente wat al ooit gesit het, het gesamentlik nie die mensdom tot die mate beïnvloed as wat hierdie een lewe op sigself dit gedoen het nie. Hy was 'n groter Koning as Dawid, 'n filosoof groter as Salomo, 'n groter profeet as Elia.

Toe Hy die stad Jerusalem binnegery het op 'n donkie, het die inwoners gevra: **Wie is hierdie Jesus?** So baie het Hom geloof – dit was asof hierdie vraag op elkeen se lippe was. Die antwoord was: **Hierdie is Jesus, die profeet van Nasaret in Galilea.** Daardie dag, net soos vandag, vra mense steeds oor Jesus: **Wie is hierdie Jesus?**

Baie stem saam dat Hy 'n goeie leermeester en 'n eerbare voorbeeld was. Hulle sê hy was bloot 'n produk van Sy tyd en die gevolg van Sy omgewing. Hy was òf dit wat Hy op aanspraak gemaak het, òf Hy was die grootste misleier en indringer wat nog ooit geleef het! Toe Hy Sy dissipels gevra het: Wie sê die mense is ek? Het hulle geantwoord deur Hom die indrukke van ander mee te deel: **Sommige sê U is Jeremia die profeet, ander sê U is Elia, terwyl ander sê U is Johannes die Doper wat uit die dode opgestaan het.**

Dit is waar dat in Sy meegevoel en passie Hy soos Jeremia was, die wenende profeet; en in Sy gebedslewe was Hy soos Elia; en in Sy openbare spreke was Hy soos Johannes die Doper. **Maar wie sê julle is Ek?** het Hy gevra. Petrus antwoord: **U is die Christus, die Seun van die Lewende God.**

Soos toe, is daar vandag baie uiteenlopende opinies oor die persoon van die Here Jesus Christus. Die Fariseërs en godsdienstige leiers van Sy tyd het gesê Hy was 'n wynsuiper, 'n vriend van die tollenaars en sondaars. Dank God dat Hy wel is, want Hy het nie gekom om die regverdiges tot bekering te roep nie, maar die sondaars.

Kajafas, die Hoëpriester het verklaar dat Jesus 'n godslasteraar was, want Hy het gesê: **Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die Krag van God en kom op die wolke van die hemel.**

*Dis voorwaar verseker, want Jesus kom binnekort weer!*

PILATUS DIE GOEWERNEUR, WIE JESUS MOES VONNIS, HET FINAAL VERKLAAR: **EK VIND GEEN SKULD IN HIERDIE MAN NIE.**

Judas, wat Hom met 'n soen verloën het vir dertig silwer stukke, het uiteindelik sy silwer neergegooi, uitgehardloop en homself opgehang, terwyl hy uitgeroep het: **Ek het onskuldige bloed verraai!**

"Wie is hierdie Jesus?" Vra vir die bevelvoerder wat Hom gesien sterf het aan die Kruis: Hy het gesê: **Waarlik, Hy is die Seun van God.** Vra die demone en hulle sal sê: **Het U hier gekom om ons voor die tyd te pynig, Jesus, Seun van God?** Vra Johannes die Doper: **Wie is hierdie Jesus?** Hy het gesê: **Daar is die Lam van God wat die Sondes van die wêreld kom**

*(Vervolg op Bl. 2)*

*(Vervolg vanaf Bl. 1 - Here Jesus Hoog ...)*
**wegneem.**

Vra vir JESUS SELF wie Hy is. Hy het gesê: **Voor Abraham was, IS EK en as julle My gesien het, het julle die Vader gesien.** Vra die Apostel Paulus: **Wie is hierdie Jesus?** Hy antwoord: **In Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik.**

Vra onse Hemelse Vader en Hy sê: **Dit is My geliefde Seun, luister na Hom.** Hy was 'n duiwel genoem, tog het Hy Satan oorwin in die woestyn, op die tempel dak, op die bergspits, aan die kruis en deur Sy opstanding uit die dode. Alhoewel Hy 'n vraat en 'n wynsuiper genoem was (Luk. 7:34) het Hy nie eenmaal in sonde verval nie.
Hy was verkoop vir dertig sikkels silwer maar het die wêreld verlos (Matt. 26:15).

Alhoewel Hy die Leeu van die stam van Juda was en ook die Goeie Herder, was Hy na die slagpale gelei soos 'n lammetjie (Hand. 8:32). Deur te lewe, het Hy vir elkeen die dood gesmaak (Heb. 2:9). Hy was God gemanifesteer in die vlees.

As 'n man het Hy moeg geword. As God het Hy gesê: Kom na my toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee (Matt. 11:28)
As 'n man het Hy honger geword. As God het Hy duisende gevoed met 'n seuntjie se padkos (Joh. 6:9).
As 'n man het Hy dors geword. As God het Hy Lewende Water voorsien (Joh. 4:10).
As 'n man het Hy gebid. As God het Hy nooit in Sy gebede sondebelydenis gedoen nie.
As mens was Hy op alle gebiede versoek, net soos ons. As God was Hy sondeloos en het Hy Sy vyand verwar met die vraag: **Wie van julle oortuig My van sonde?** (Joh. 8:46)
As mens het Hy geslaap. As God het Hy uit die slaap wakker geword en die storm stilgemaak (Mat.8:26).
As mens was hy hartseer oor skeiding van Sy vriende. As God het Hy belowe om hulle nooit sonder 'n vertrooster te laat nie (Joh. 14:16).
As mens het 'n skip Hom vervoer. As God het Hy op die malende golwe van die see geloop (Joh. 6:19).
As mens het Hy 'n uitnodiging na 'n troue aangeneem. As God het Hy water in wyn verander (Joh. 2:9).
As mens was Hy deur die mense verag. As God het al die engele van God Hom aanbid (Heb. 1:6).
As mens het Hy geween by die graf van Lasarus. As God het Hy Lasarus uit die dood opgewek (Joh. 11:43).
As mens het Hy toegeneem in wysheid en grootte. As God dra Hy alles deur die krag van Sy Woord (Heb. 1:3).

Vanaf die boek Genesis tot by Openbaring, word Hy uitgebeeld in die Verlossingsplan van God.

**In Genesis is Hy die Saad van die vrou.**
**In Exodus is Hy die Paaslam.**
**In Levitikus is Hy die Soenoffer.**
**In Numeri is Hy die geslaande Rots.**
**In Deuteronomium is Hy die Profeet.**
**In Joshua is Hy die Kaptein van die Here se leër.**
**In Rut is Hy die Verlosser.**
**In 1 Samuel en 2 Samuel, 1 Kronieke en 2 Kronieke is Hy die Koning.**
**In Esra is Hy die Hersteller van die gebreekte mure.**
**In Ester is Hy die Voorspraakmaker.**
**In Job is Hy die Lewende Verlosser.**
**In die Psalms is Hy ons Herder.**
**In Spreuke is Hy ons Voorbeeld.**
**In Prediker is Hy ons Doelstelling.**
**In Hooglied is Hy ons Bevrediger.**
**In die Profete is Hy die Komende Vredevors.**
**In Mattheus is Hy die Koning.**
**In Markus is Hy die Dienskneg.**
**In Lukas is Hy die Seun van die mens.**
**In Handeling is Hy deur Sy Heilige Gees werkend in die eerste Kerk.**
**In die sendbriewe is Hy die verheerlikte Seun van God aan die regterhand van God die Vader, as ons advokaat en voorbidder.**
**In Openbaring is Hy die Koning van die Konings en die Here van die Here wie se Koninkryk nooit sal eindig nie en Hy sal regeer tot in ewigheid.**

## HY IS DIE HERE JESUS HOOG VERHEWE BO ALLES

Hy is die Hemelse brood vir die aarde se honger.
Hy is die Hemelse kleed vir die aarde se naaktheid.
Hy is die Hemelse rykdom vir die aarde se armoede.
Hy is die Hemelse water vir die aarde se dors.
Hy is die Hemelse lig vir die aarde se duisternis.
Hy is die Hemelse genade vir die aarde se skuldelas.
Hy is die Hemelse vreugde vir die aarde se rou.
Hy is die Hemelse heerlikheid vir die aarde se skande.
Hy is die Hemelse wins vir die aarde se verlies.
Hy is die Hemelse wysheid vir die aarde se dwaasheid.
Hy is die Hemelse vrede vir die aarde se stryd.

*(Vervolg op Bl. 3)*

*(Vervolg vanaf Bl. 2 - Here Jesus Hoog ...)*
Hy is die Hemelse hoop vir die aarde se wanhoop.
Hy is die Hemelse vergifnis vir die aarde se oordeel.
Hy is die Hemelse troos vir die aarde se hartseer.

**WIE IS HIERDIE JESUS?**

Hy is die Rots van geologie.
Hy is die Lam en die Leeu van dierkunde.
Hy is die Ster van astronomie.
Hy is die Roos en die Lelie van plantkunde.
Hy is die Tema van die teologie.
Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe.
Hy is die Water van die Lewe, die Deur in die Skaapkraal, die Herder van die skape, die Wagter van my siel, die Vredevors…
Hy is die Koning van die Heerlikheid, die Here van die leërskare, die Eerste en die Laaste, Alfa en Omega, Hy is Verlosser, Geneser, Doper in die Heilige Gees, Hy is die Heiligmaker, die spoedig Komende Koning, Hy is alles.
Vir die argitek is Hy die hoof hoeksteen.
Vir die sterrekundig is Hy die blink Môrester en die Son van geregtigheid.
Vir die bakker is Hy die Brood van die lewe.
Vir die bouer is Hy die vaste Fondament.
Vir die skrynwerker is Hy die Deur.
Vir die redakteur is Hy die goeie Tyding van groot blydskap.
Vir die elektrisiën is Hy die Lig van die wêreld.
Vir die bloemis is Hy die Roos van Saron en die Lelie van die dale.
Vir die prokureur is Hy die Raadgewer, Wetgewer en Advokaat.
Vir die juwelier is Hy die kosbare Lewende Steen.
Vir die arbeider is Hy die Gewer van rus.
Vir die sieke is Hy die groot Geneesheer van die behoeftes van jou liggaam, siel en gees. Hy is voldoende vir elke behoefte.

Hy is die oplossing vir JOU probleem, vir jou siek liggaam, vir jou gebroke gesin en vir jou sonde. Dit is JOU besluit wat JY met Jesus gaan doen wat belangrik is!

Daar is geen arms soos Sy arms om 'n afgedwaalde terug te verwelkom nie, geen arms soos Sy arms om die gevallenes uit die skadu's van die nag te lig na die Lig toe nie!
Daar is geen volheid soos die volheid wat van Hom afkomstig is nie!
Daar is geen ander VERVULLING soos diè wat in Hom gevind word nie!

**MAAK HOM VANDAG JOU HERE VAN ALLES!** □

# WORSHIPPING HIM IN SPIRIT AND IN TRUTH

## John 4:24

Right throughout the course of history we see God using men as vessels of His power, but it is a tragedy that so often those who are called, choose to cling to their idols and religious traditions, quenching the Holy Spirit and making the power of God of none effect. Men often turn from the True Life which is found in the simplicity of the Gospel, and which is given to us by the Holy Spirit, to a form of godliness and ritual which is powerless. God's ways are completely different to man's ways. The Word tells us in Isaiah 55 verse 9 that God's ways are higher than man's ways and thoughts, and in 1 Corinthians 3 verse 19 Paul says that the wisdom of the world is foolishness with God. When the people of Israel were bitten by poisonous serpents according to Numbers chapter 21, God instructed Moses to make a copper snake and exhibit it on a pole. **Every one that is bitten, when he looketh upon it, shall live. (Numbers 21:8)** At that stage, the LIFE of God flowed through the image of the serpent and when the people looked at it, they were healed. But Israel forgot about the LIFE and kept on looking at the image, for we read in 2 Kings 18:4 that 900 years later Israel was still worshipping and burning incense to images of serpents, until King Hezekiah had them all cut down. Thus we see that the people of Israel had fallen into the trap of worshipping the instrument God had used, instead of worshipping God Himself.

We find this is true even today. We must guard against the worshipping of a certain ministry or denomination where you may have received a special blessing from the Lord – remember God is very jealous of the praise of His people and no man or ministry may take His glory!

Whenever we exalt revelations, methods, religious rituals or any other thing above the Lord, we are actually WORSHIPPING these things, and this

*(Continued on page 4)*

*(Continued from page 3 - Worshipping Him in Spirit and Truth)*

is idolatry! We become dead to the voice of the Holy Spirit as we cling to lifeless forms of worship, and are therefore without the true LIFE of God in our lives. I believe that is why Jesus said: **Thus have ye made the commandment of God of none effect by your tradition. (Matt.15:6)** If we put Him first and worship and serve Him above everything else, our lives will be continually enriched by Him, and we will be vessels through which He can bless many others. You can never love the Lord too much! You can never spend too much time in His Presence!

Every born- again, Spirit-filled child of God has a ministry of serving, so that the Body of Christ can be built up and edified, as its members minister to one another. It is however, even more important that we wait upon and serve our Heavenly Father.

When we serve God, worshipping Him as the one true God, we surrender ourselves completely, in the fear of the Lord and complete adoration. We read in John 12 verse 3 how Mary, who loved the Lord Jesus dearly demonstrated her act of worship to Him. **Then took Mary a pound of ointment of spikenard, very costly, and anointed the feet of Jesus, and wiped His feet with her hair: and the house was filled with the odour of the ointment. (Joh. 12:3)**

Just as Mary did, when we kneel at the feet of Jesus our Messiah in worship of Him, we must bring our very best, our most precious possession to lay at His feet– we must bring **ourselves.** When we do this, He meets with us and the perfume of His Presence fills our lives.

In John 4:7-24 there is a very enlightening portion of Scripture describing the way in which God wants to be worshipped. We find Jesus meeting the Samaritan woman at the well of Jacob, and He asks her to give Him a drink. She answers Jesus by saying that because she is a Samaritan woman, how is it that He, a Jew, is asking her for a drink. Jesus replies that if she knew Who it was Who was asking her for a drink, she would have asked Him, and He would have given her Living Water, whereby she would never thirst again.

She replies in verse 15: **Sir, give me this water, that I thirst not, neither come hither to draw.**

**Sir, I perceive that Thou art a prophet. Our fathers worshipped in this mountain, and Ye say, that in Jerusalem is the place where men ought to worship.**

**Jesus saith unto her, Woman, believe Me, the hour cometh, when ye shall neither in this mountain, nor yet at Jerusalem, worship the Father.**

**Ye worship ye know not what, we know what we worship: for salvation is of the Jews.**

**But the hour cometh, and now is, when the true worshippers shall worship the Father in spirit and in truth, for the Father seeketh such to worship Him.**

**God is Spirit; and they that worship Him, must worship Him in spirit and in truth.**

Jesus emphasises that true worship comes *from the heart*, and has nothing to do with a geographical place or church building. He also points out that there are many people who worship idols and images, which they have made, yet do not understand what they are worshipping. Jesus says the *new worshippers* will be different. They will know the true God and worship Him in s*pirit and truth.* Remember, Isaiah 43:19 and 21 says: **Behold, I will do a new thing: now it shall spring forth ….. this people have I formed for Myself: they shall shew forth My praise.**

When Jesus walked on the earth, He declared that He was God's will in action by saying: **He that hath seen Me hath seen the Father … (John 14:9) I do nothing of Myself; but as My Father hath taught Me, I speak these things (John 8:28)**

We worship the Father in **spirit,** because the Holy Spirit has been given to us (Acts 2), and because we know our Heavenly Father through Jesus His Son, we can worship God in **Truth.** Jesus declared: **I am the Way the Truth and the Life. (John 14:6).**

The Lord has given us the blue -print of His Word to guide us in every area of our lives and that includes the manner in which He wants to be obeyed, honoured and worshipped. When the Lord commands us to do something in a certain way, it is always because He cares for us and wants to bless us.

There are times when the natural result of our worship brings an inner revelation of Who He is, but it is more likely that a revelation of Who He is, will lead us to have a grateful heart and to worship Him even more. God revealed Himself to Moses in a cloud, and then Moses worshipped Him.

**"When Moses climbed to the top of Mt. Sinai, the Lord came down in a cloud and**

*(Continued on page 5)*

*(Continued from page 4 - Worshipping Him in Spirit and Truth)*

**stood by Moses and proclaimed the Name of the Lord. And Moses bowed his head toward the earth, and worshipped." (Ex. 34:5 and 8)**

Jesus healed the man who was blind from birth, and, after he had been questioned by the Pharisees and banned from the synagogue, Jesus found him and told him that HE was the Son of God, and the man reacted by worshipping Him. **And he said, Lord I believe. And he worshipped Him. (John 9:38)** God revealed Himself through the healing, and then the man worshipped Him.

When we perceive God, whether it is through His Word or by the manifestation of His power, our automatic response is to worship Him. When He reveals Himself to us, causing us to worship Him, He often gives us a revelation of His Truth simultaneously.

As an example we use the case of Anna in Luke chapter 2. While Anna was worshipping God and waiting upon Him in the temple, He revealed His secrets to her. He revealed a lot about Jesus to her, because when she saw the baby Jesus in the temple, **she gave thanks likewise unto the Lord, and spoke of Him to all them that looked for redemption in Jerusalem. Luke 2:38.**

Other people who had similar experiences in the Bible were Jeremiah, Moses and Job. Just like them, we also need revelation from our Living God. But this revelation is always in line with Scripture, the Word of God, because we cannot add anything to the Word, nor can we remove anything from it. We should be caught up in the wonder of His Person as we worship Him. We need to acknowledge His power and have a vision of His holiness and glory if we want to be used by Him. The Bible tells us that **the fear of the Lord is the beginning of wisdom... (Psalm 111 verse 10).** Worship is often the starting point, because it goes hand in glove with the fear of the Lord.

When we worship God we draw upon His Life and Power. When we read Psalm 149, we see that there is power in worship and praise that pushes back the powers of darkness, breaks the chains that bind us and liberates us so that our thoughts can be taken captive unto Jesus Christ.

In James 4:7 we read: **Therefore submit to God. Resist the devil and he will flee from you.**

After submitting myself to God in obedience and worship, and giving no place to the enemy, he must flee. The devil hates to hear a child of God exalting the Lord! Remember the way in which king Jehoshaphat and the army of Israel advanced on the enemy? I believe that as the people came against the foe, with their spirits lifted to God in adoration and worship, they were truly in one accord, praising in spirit and in truth! They worshipped Him, and the Holy Spirit created *a new song* within them. As they ministered to the Lord, exalting Him for His greatness, and the enemy was defeated!

Think of Paul and Silas when they were flogged and put in prison because they preached the Gospel and exorcised a demon from a young girl. They praised the Lord in jail, and He opened the prison doors, and they were free. **And suddenly there was a great earthquake, so that the foundations of the prison were shaken: and immediately all the doors were opened, and everyone's bands were loosed. (Acts 16:26)** In a similar manner, the prison doors in our life can be opened by the power of God!

We are vessels for the life and power of God to flow through in this dark world in which we live. Jesus is the LIFE, and as we come to Him and drink, His Life flows into us. He gives us power to overcome every circumstance and difficulty we face. When we are obedient to Him, His Life flows through us and draws others to Himself. He has made us His ambassadors in this wicked world, and this is an awesome responsibility! **We are a "chosen generation, a royal priesthood, a holy nation, His own special people, that (we) may proclaim the praises of Him who called (us) out of darkness into His marvellous light. I Peter 2:9.** What a challenge for us!

We have been chosen to reach out to a lost and suffering humanity, with the message of hope in the Gospel, which is that Jesus came to this world and died to give us eternal life, and life more abundantly. (John 3:16 and John 10:10) It is up to us to allow the very Life of God, by His Holy Spirit in us, to *flow through* us to reach the unsaved.

We read in Mark 16 verses 15 to 20, the Great Commission that Jesus gave to His disciples, just before He ascended into Heaven to sit at the right Hand of His Father. These instructions are still relevant for His disciples today, and we need to seriously heed them, especially in these last days.

*(Continued on page 6)*

*(Continued from page 5 - Worshipping Him in Spirit and Truth)*

**Mark 16:15-20: And He said unto them, Go ye into all the world, and preach the gospel to every creature. He that believeth and is baptized shall be saved; but he that believeth not shall be damned. And these signs shall follow them that believe; In My name shall they cast out devils; they shall speak with new tongues; They shall take up serpents; and if they drink any deadly thing, it shall not hurt them;** (the works of Satan) **they shall lay hands on the sick, and they shall recover. So then after the Lord had spoken unto them, He was received up into heaven, and sat on the right hand of God. And they went forth, and preached everywhere, the Lord working with *them*, and confirming the word with signs following. Amen.**

As a demonstration of our worship to our Heavenly Father, we need to be obedient to the commands of His Son Jesus, because obedience is an indication of our worship. Jesus admonished people during His ministry here on earth, by saying that they called Him Lord, Lord, but did not do what He asked them to do. He went on to say, that if we love Him, if we truly worship Him, we will keep His commandments. (John 14:23) He also said: **If any man thirst, let him come unto Me, and drink! He that believeth on Me, as the Scripture hath said, out of his belly shall flow rivers of living water. But this spoke He of the Spirit, which they that believed on Him should receive. (John 7:37 to 39)**

We often point a finger at the Pharisees because they were so unfulfilled in their *religiosity*. They worshipped everything ABOUT God, instead of worshipping HIM! When Jesus came they chose to keep to their ritualistic, legalistic, religious ways and did not recognise their Messiah. Let us not be guilty of the same thing!

*Worshipping God keeps us spiritually balanced. It helps us to see our lives in the right perspective, and have the right set of values and priorities.*

It is important however, that we focus our attention more on our loving Heavenly Father and our Saviour the Lord Jesus Christ than upon their *blessings!*

**THOU ART WORTHY, O LORD, TO RECEIVE GLORY AND HONOUR AND POWER: FOR THOU HAST CREATED ALL THINGS, AND FOR THY PLEASURE THEY ARE CREATED. (Rev. 4:11).** □



# uit **Dr James se kantoor**

Geliefdes in Jesus,

Het julle werklik al ooit aan die wonderlike liefde en besorgdheid gedink wat ons Hemelse Vader vir my en jou het?

Hy het ons so lief dat ons nie ten volle die omvang van Sy onpeilbare liefde kan verstaan nie! Ons lees in Heb. 1:16: **Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy Hom.**

Hierdie is vir my 'n aangrypende en ook uiters inspirerende teksie in die opsig dat ons Hemelse Vader hierdie massiewe engele ryk het wat onder Sy "administrasie" val, en tog "administreer" Hy nie net die mensdom nie, maar Hy is bekommerd, besorgd oor die mens. Hy het dit tog sekerlik baie duidelik bewys toe Hy Sy Seun, Jesus Christus gestuur het om vir die mens so 'n duur prys op Golgota aan die vervloekte kruishout te betaal: dit vir my en jou! Geen wonder dat Paulus uitgeroep het: **O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is Sy oordele en onnaspeurlik Sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was Sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.**

Dit is egter ook interessant om kortliks te let op watter plek die engele wel beklee in God se Groot Plan. In die Bybel lees ons dikwels van die "Engel van die Here" bv. **Ps. 34:8: Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.**

**Hand. 7:30: 'n Engel van die Here het aan hom verskyn…..**

Daar is baie sulke gevalle en ek glo dat hier gepraat word van die Here Jesus Self. Daar is baie gevalle, veral in die Ou Testament waar die Here op hierdie wyse Sy volk bystaan en uitred (Lees Num. 20:16, Jes. 37:36, Dan. 3:28 en Hand. 15:19). Ons lees ook van die engele se magtige optrede en betrokkenheid by die gebeure van die Eindtyd, veral in boek Openbaring. Nou ontstaan die vraag: Vir watter doel word die engele van God nog aangewend in ons persoonlike lewens as Kinders van God, of is hulle in hierdie bedeling onaktief? Beslis nie. Hulle word vandag nog net so aktief en effektief deur God uitgestuur om Sy groot dade te volbring en ons, Sy Kinders, by te staan.

**Ps. 103:20: Loof die Here, Sy engele, kragtige helde wat Sy Woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van Sy Woord.**

**Heb. 1:14: Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word terwille van die wat die saligheid sal beërwe nie?**

Uit hierdie twee tekste verstaan ons dat die engele eerstens reageer op die Stem van die Here, en tweedens uitgestuur word om ons wat die saligheid sal beërwe by te staan. Dit is dus ietwat van 'n wanbegrip dat ons die engele kan uitstuur; ons kan wel bid en vra dat die Here hulle sal uitstuur terwille

van ons, maar dis aan Hom wat hulle gehoorsaam is – aan Sy Woord, nie aan ons nie.

Maar die wonderlikste boodskap van almal wat ooit deur 'n engel gegee is, was die boodskap wat aan Maria gegee is en ons lees dit in Lukas 1:26-33: **En in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na 'n stad in Galilea met die naam van Nasaret, na 'n maagd wat verloof was aan 'n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria. En die engel het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue. En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daaroor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken. En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.**

En toe Jesus gebore is was engele weereens deel van die Goot Nuus, want ons lees in Lukas 2:8-14: **En daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het. En meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn en groot vrees het hulle oorweldig. En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here is. En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê. En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërskare wat God prys en sê: Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!** Hallelujah!

Dit is vir ons so 'n seën om al julle briewe te ontvang en 'n voorreg om vir julle almal te bid. Baie dankie vir julle lieflike getuienisse. Elke getuienis is eintlik 'n lering in die kleine van hoe die persoon gebid het, geglo het, uitgehou het en dan die wonderlike resultate want God is getrou! Ja, ons getuienis bladsy is voorwaar 'n groot seën vir baie mense en ons dank die Here vir elke verhoorde gebed; vir elkeen wat vir ons laat weet van hierdie verhoorde gebed en sodoende andere bemoedig en eer bring aan die Here.

Baie, baie dankie ook aan elkeen wat vir ons ondersteun vir die verkondiging van die Evangelie, die leesstof stroom vloei net elke dag sterker en mense lewens word gekeer na Jesus Christus. Baie dankie vir julle liefde, gebede en ondersteuning.

Weereens baie dankie vir julle aandeel in die werk van die Here hier by die Sentrum. Ons bid vir julle regdeur die vakansie seisoen, dat die Here julle sal beskerm, veral wanneer julle op reis is en dat Hy op elke moontlike wyse vir julle sal voorsien.

Baie liefde groete.

*Dr James*

# Ons God van wonderwerke.. …..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Dankie aan my Hemelse Vader wat pyn in my been nog dieselde, (dinsdag) wat julle vir my gebid het, weggeneem het. Prys die Heer, Halleluja. Ek vertrou dat die sinusitus ook sal verdwyn. Dankie vir die wonderlike werk wat julle verrig. Jesus Liefde

**Marietjie Viloen**

Liewe Dok James, tannie Meg, David en Chantel en gebedspan.

Dis seker een van die grootste wonderwerke wat ek hier en nou beleef het hoe God in Sy groot liefde en genade my vriendin aangeraak het en totaal genees het van alles en ons het net saam met julle gebid en geglo en God se warm liefdevolle aanraking het haar verander. Dankie vir soveel gebede wat julle vir soveel duisende bid.

Dankie dat julle ons 2 op kort kennisgewing kon doop, dit het die beseeling op die genesing geplaas en ek weet in my hart dat die Heilige Gees sal haar lei en so ook vir my. Ek kan nie anders as om net te jubel en te juig nie, my glimlag wil net nie verdwyn nie. Saam met my in die kar Maandag oppad Stanger toe was regtig 'n lyk en 3 dae later toe ons Woensdag terug ry was daar oorvloedige lewe en vrede en vreugde. Dit was vir my asof ons n kruisiging beleef het en n opstanding in Christus. Oppad terug het ons vir 8 ure gelag en kuier en net die Here geloof en uit volle bors gesing. Die Here het my beste vriendin se lewe gespaar en geseen. Verskriklik dankie, alle eer kom ons Abba Vader toe maar ook baie dankie vir julle wat elke dag van julle lewe so toegewyd vir God werk, mag jul net seeninge ontvang uit ons Vader se Hand.

liefde in Christus

**Gerda Moolman**

ps. Duisend dankies David en Chantal, julle 2 was 'n blessing!!!

Ek het die 6de Aug. gebed gevra vir Rosina se been, ek het haar net nou gebel sy lag lekker, haar been is gesond, ons juig en se dankie Vader. Wonderweke is vandag nog daar.

**Winnie Robbertze**

Dit gaan goed met my, die Here het my genees van limfoom, het so pas gegaan vir 'n opvolg nadat ek 5 jaar gelede daarmee gediagnoseer was, en ek makeer niks. Baie dankie nogmaals vir gebede. Burgert het nog nooit weer sterk drank in enige vorm gebruik nie, dis al meer as 2 jaar. Dankie Meg dat jy my altyd van julle gebede vir hom verseker het en my bemoedig het. As die Seun ons vrymaak is ons waarlik vry.

Baie baie dankie vir julle almal wat so in die diens

*(Vervolg op Bl. 8)*

*(Vervolg vanaf Bl. 7)*
van die Here staan. Ons hemelse Vader self sal julle daarvoor beloon.

Baie liefde aan almal daar,

**Connie Bruce**

Ek hoop en glo dat dit nog baie goed daar gaan. Wel ek wou al lankal aan u skryf oor hoe goed God vir ons is en was en steeds is. Dokter u sal onthou omtrent 'n jaar gelede was my man Hugo baie siek. Sy longe het plat geval, en sy niere het ook begin ingee en daar was fout ook met sy hart. Hy was vir ongeveer 3 maande onder sedering en aan ventilators gekoppel. Ek het die sentrum geskakel en Dr James het 'n gebed gedoen. My man het my en sy kidners glad nie meer herken nie, ook nie eens sy eie ma of familie nie. Na ek die 2de keer geskakel het, het my man stadig begin beter word. Ek het ook volhard in gebed en geglo dat die Here hom genees het. Twee weke voor kersfees was hy oorgeplaas na ' n privaatsaal met suurstof, maar hy het ons steeds nie herken nie. Ek en Erna het weereens geskakel na die sentrum en bly glo. Die Here was so goed en op kersdag was hy by die huis vir 'n paar dae en moes terug gaan vir sy hart. Hy kon niks vir homself doen nie. Ek moes hom voer, was en ooppas en hy het spasmas in die bene gehad. Sy ma moes my help, want hy kon glad nie loop of 'n toilet gebruik nie. Die hospitaal het my 'n loopraam gegee maar hy kon dit nie gebruik nie, so swak was hy. Drie dae na sy ontslag was almal bang want hy kry nog erge spasmas en sy oë begin rol as hy slaap. My skoonma werk in die tuin my kinders is by die werk en ek pas my man op. Skielik kry hy hewige aanvalle en ek skakel dadelik Stanger. Die dame sê vir my ek moet Satan uitdryf. Ek gaan staan voor die bed en begin op Satan skreeu en ek prys die Here. Skaars 15 minute en ek sien my man raak rustig en raak aan die slaap. Toe hy wakker word begin hy self met sy krukke toilet toe gaan. Sy ma en my kinders kon dit nie glo nie. Ek het hom daarna elke dag 'n entjie laat stap. Na twee weke kon hy self bad en loop en eet. Hy het wonderbaarlik herstel. Vandag doen hy sy eie tuin, bestuur self en kan alles vir homself doen en help my baie in die huis. Hy het nie nodig om terug te gaan vir sy hart nie, God het hom volkome genees. Al my bure en vriende en familie staan verslae en hulle glo ook nou dat Jesus vandag tot in ewigheid dieselfde is. Dankie aan almal by die sentrum wat saam met ons gebid en geglo het. Liefdegroete

**Esmè, Erna, Hugo en familie, Pretoria**

Dit is vir my 'n vooreg om vanoggend 'n briefie aan u te kan skryf. Eerstens wil ek ons Liewe Heer grootmaak vir Sy barmhartigheid, genade en onbeskryflike liefde en seën. Hoe sou my lewe gewees het sonder Hom. U Het vir Esther gebid dat daar nie regtig suikersiekte sal wees nie na die toets. Glo my dit was weer net ons liewe Jesus wat onderneem het, al die eer en dankbaarheid aan Hom ons grootste geneesheer. Dit was normaal. Dankie dat u altyd na 'n oproep vir ons intree. Ja ons moet altyd bid sonder ophou. Ons bid ook vir u en u opoffering. Baie liefde groete en seën.

**Mev V de Lang, Pretoria Noord**

Vir die soveelste keer rig ek 'n ernstige gebedsversoek aan u en weet ek, soos sovele kere, dat ons 'n antwoord gaan kry en vertrou ek absoluut die Here daarvoor. Maar eers 'n baie groot dankie vir die bereidwilligheid om saam te vertrou en wil ek weereens sê dankie vir gebedsbeantwoording. Johan Engelbrecht Jnr vir wie gebid is vir dikderm kanker, se dikderm is net gedeelte verwyder, daarvan, nadat die kanker gewas so gekrimp het en geen verdere kanker gevind kon word nie, volgens hulle. Hy is tuis maar baie swak volgens sy vader Johan, Snr. Hy doen alweer inkopies na 'n onlangse griep wat sy hartspiere aangetas het, makeer nou niks nie. My broer Edward wat ook 'n hartondersoek ondergaan het nadat gevind is dat sy hartritme nie reg is nie, se spesialis sê sy hart het so te sê heeltemal herstel, alles na gebede saam met ons.

**Vanderbylpark**

By chance I was talking to a lady about my healing I received in 1982, and she mentioned you were still active in this ministry. In 1982 I was diagnosed with crumbling of my foot bones, the doctor gave me 3 months and I would be in a wheelchair. Someone mentioned to me about a doctor in Stanger who the Lord had given the gift of healing. I went to your service at Stanger, the hall was full of people in the front , and you sat in the chair and the opposite side you sat a man with his son who had one leg shorter than the other. You prayed a simply prayer for healing and I decided to keep my eyes open in one second the child's leg was normal with the other. I felt nothing in my feet but went home thanking God for my healing during the first week. I had no pain and went back to the doctor who did new xrays, and my bones were normal and no deteriation. Praise the Lord, that was 3 years ago, and we are so glad to know you are still active in God's work.

**Basil and Helen Filday, Pietermaritzburg**

Eerstens baie lof en eer gaan aan ons Koning Jesus. Dan wil ek julle net bedank vir al julle bystand en voorbidding vir my seun Riano. Hy is nou al vir 'n week genees van sy probleem met harde dwelms, sonder dat hy behandeling gekry het, dit was net ons gebede en geloof. Hy het ook 'n werk gekry, en is baie gelukkig in sy werk. Ek dank Jesus elke dag vir die redding van my kind se siel. Ek het geweet niks is onmoontlik by die Here nie. Jesus groete

**Petro, Renison**